

7 Maart 2013

Jaargang 6 – Uitgawe 5

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad



Teken in op die e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

• Stuur 'n e-pos aan karen@nhk.co.za

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za



Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die Hervormer www.hervormer.co.za

e-Hervormer www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html

Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, klik op www.hervormer.co.za/cancel.html

VOORBLAD

Wat bring positiewe verandering teweeg?

Gemeentes ervaar dikwels nood en krisis voordat hulle beseft dat daar anders en op 'n kreatiewe wyse met kerkwees omgegaan moet word. In talle ringe en in baie gemeentes het daar nuwe energie losgekam, is daar positiewe verandering...

Tydens die afgelope werkswinkel waar die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering met Ringskommissies van oor die hele land in gesprek getree het, was dit een van die vrae wat aan almal gestel is en waaroor die groepe besin het: *Wat het positiewe verandering teweeg gebring?* Een van die antwoorde was: Die beseft dat krisis nie die einde is nie, maar die begin van nuwe en uitdagende tye.

Dit is 'n geloofsprong wat gemaak word, 'n groter bewussyn dat God se plan anders is as mense se planne, en dat ons meer na die Woord moet luister. Waar die fokus op die werk van die Here geplaas word, is daar groei. Waar mense hul eie mag inboet en op God vertrou, kom daar hoop en verandering. Gemeentes beseft toenemend dat hulle besig moet wees met dit wat regtig saak maak, naamlik die evangelie van Jesus Christus.

Daar is 'n al groter bewussyn van eie verantwoordelikheid. Alles word nie van 'Pretoria' verwag nie. Gemeentes beskou hulleself as belangriker as sinodale strukture. Groter afhanklikheid van God dwing mense om uit 'n gemaksonde te beweeg. Mense word gedwing om eienaarskap te aanvaar en as die liggaam van Christus te funksioneer.

Uit gesprekke om die tafels het dit duidelik geword dat mense belangriker as strukture en reëls is. Verteenwoordigers van verskillende ringe het saam met mekaar gewerk, en geskryf: *Die Heilige Gees is in die kerk besig... Volg in Jesus se voetspore... Minder van 'n saaklike en 'n meer persoonlike benadering is nodig...*

Mense se belewenis dat 'n gemeente 'n plek is waar jy kan tuis kom, het groot verandering gebring. Daar word ruimte gegee vir verskille. Lidmate deel in mekaar se lewens en dien mekaar in liefde. Dit skep groter onderlinge vertroue en bring 'n reuseverandering in gemeentes van die Kerk.

Daar is ook ander faktore genoem wat positiewe verandering in die Kerk stimuleer:

- Inisiatiewe wat van lidmate kom, waar die lidmate self verantwoordelikheid aanvaar vir bepaalde aksies en dienswerk.
- Aanvaarding van mense wat nie lidmate van die Hervormde Kerk is nie, en groter samewerking met ander kerke.
- Vestiging van kollegiale bande tussen predikante in die ring.
- Goeie en deeglike pastorale werk.
- Vestiging van ondersteuningsnetwerke.

Die konsensus na afloop van die gespreksgeleentheid was dat daar 'n nuwe entoesiasme in die Kerk sigbaar is. Die kerklike afskeiding wat die afgelope tyd plaasgevind het, was pynlik en sal vir altyd 'n letsel laat, maar daar is tans groter kalmte en die beseft dat die Kerk nou met die dinge besig kan wees wat werklik saak maak – die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus aan alle mense.

Dr Wim Dreyer



PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed na produksie@nhk.co.za.

- **Ds André en Celesté Swanepoel** van Gemeente Vanderbijlpark-Suid se tweede seuntjie, Logan, is op Vrydag 1 Maart gebore. Baie geluk aan die egpaar!
- **Ds Thinus en Natasha van Staden** van Gemeente Montana se eersteling, babadogtertjie Kara, is ook op Vrydag 1 Maart gebore. Baie geluk!
- Op Sondag 3 Maart is vyf persone wat aspireer om **predikante in die MRCC** te word, in die gemeente **Saulsville** gelegitimeer en beroepbaar gestel. Drie het hul studies in 2012 aan AIM (UP) met lof voltooi. Een persoon was voorheen predikant in die MRCC, terwyl 'n ander een aanvanklik predikant in die VGK wou word. **Op die foto** verskyn **Nomsa Mnguni** saam met prof Natie van Wyk, oudl Johan en mev Sannie Steyn en Katrien Skosana. Katrien het Nomsa as 'n weeskind in 'n plakkershut ontdek, verhonger en liggaamlik en geestelik verinnuweer. Sy en die Steyns het hulle oor haar ontferm, haar versorg en in staat gestel om haar skoolopleiding te voltooi. Toe dit blyk dat sy teologies geïnteresseer is, is sy na AIM gebring vir teologiese studies. Min het ons geweet dat sy, akademies gesproke, die beste student ooit sou word. Sy het vyf jaar lank 'n algehele gemiddeld van 85% behaal. Nomsa is 'n pos as assistent by UNISA aangebied en sal dáár aan 'n Meestersgraad werk.
- Nog twee artikels is die afgelope week op **Die Hervormer** se elektroniese meningsblad, **Teologiese Gesprek**, geplaas. Albei vind aansluiting by die Nederlandse kerklike wêreld. Die tweede aflewering van **dr Jan Dirk Th Wassenaar** se reeks artikels uit *HW Confessioneel* verskyn onder die opskrif *Volkskerk in de marge (2)*. Dr Wassenaar reageer op 'n onlangse publikasie deur dr ir Jan van der Graaf met hierdie titel. Dan publiseer ons ook graag **dr Jaco Beyers** se rede by die opening van die Hervormde Teologiese Kollege. Sy artikel handel oor *Die roeping van die kerk*, en hy vind aansluiting by die denke van die vermaarde Nederlandse sendingwetenskaplike Hendrik Kraemer kort na die Tweede Wêreldoorlog. Gaan na www.hervormer.co.za → Teologiese gesprek.
- **Uitnodiging: Bydrae vir THT 2013.2.** Teoloë, filosowe, sielkundiges en kunstenaars kan **nog tot 8 April** 'n bydrae lewer tot die tweede uitgawe van die *Tydskrif vir Hervormde Teologie* (THT). Die **tema** is die eerste deel (vrae 3-11) van die Heidelbergse Kategismus wat handel oor sonde, 'erfsonde', bose en die 'duiwel'. Die artikel hoef nie spesifiek oor die Kategismus te handel nie. Dit moet egter oor die tema handel. Ons nooi spesifiek ook lidmate uit wat nie teoloë is nie, om vanuit hul vakgebiede of werkerterreine bydraes te lewer. Bydraes kan ook visueel van aard wees, of in die vorm van 'n gedig of lied. Vertalings van klassieke tekste kan ook aangebied word. Die **lengte** moet 1 500 tot 6 500 woorde wees. Kontak die redakteur, prof Natie van Wyk, by aim1@mweb.co.za of 082 448 4759 vir volledige inligting.
- **ADV se Jaar vir Gestremdheid: Respekteer en akkommodeer.** Alle werkplekke met 'n arbeidsmag van meer as 50 persone word deur wetgewing verplig om voorsiening te maak vir regverdige indiensnemingsprosesse ten opsigte van persone met gestremdhede.
- **Bybelvasvra 2013: Leef met Dankbaarheid.** Die Landwye Bybelvasvra handel vanjaar oor die boek **Jakobus**. Verder vier ons ook in 2013 die 450ste verjaardag van die **Heidelbergse Kategismus**. Die laaste of derde gedeelte van die HK (Sondae 32-52) handel oor die dankbaarheid wat ons aan God vir ons verlossing verskuldig is. Ons gaan op hierdie gedeelte van die HK fokus vir 2013 se Vasvra en op Jakobus wat vir ons vertel hoe ons uit dankbaarheid teenoor God moet lewe. **Bestek van 2013 se Bybelvasvra:** Al 5 hoofstukke van Jakobus, 3 artikels

**Aksiegroep
Gestremdheid**





as agtergrond oor Jakobus wat in *Konteks* geplaas word (April, Mei en Junie 2013), asook die laaste gedeelte van die HK (Sondae 32-52) in die publikasie *So glo ons*. **Bestel dié boekie teen R50 (posgeld uitgesluit)** van mev Susann van Zyl, 012 322 8885 x291, faks 086 633 4054 of e-pos sentik@nhk.co.za. Laerskoolkinders leer slegs die 5 hoofstukke van Jakobus.



- **AGB-wenk:** Ouer persone het ook 'n behoefte om aanvaar te word. Die liefde en omgee van medegelowiges bevestig dat hulle betekenis en waarde het. Op sy beurt lei dit tot menswaardigheid by ouer persone. Ons almal het so 'n verantwoordelikheid. Vir meer inligting, kyk by www.diakens.co.za.
- **Gemeente Declercqville** in Klerksdorp beskik oor 'n vakature vir 'n **orrelis**. Stuur aansoeke na die gemeentelike kerkkantoor vir aandag Marie: faks 086 589 3343 of m.swanepoel@lantic.net. Vir navrae, kontak Kobus by 084 513 7588.
- **Gemeente Wonderboom** beskik oor 'n vakature vir 'n **orrelis**. Kontak die skriba, Pieter Mulder, by 012 567 2975 of wboom@nhk.co.za.
- **Gemeente Wonderboompoort** bied 'n **koelkamer** te koop aan. Dit is 'n losstaande buitekoelkamer in goeie toestand, 2,6 m hoog, 3 m wyd en 2,4 m diep. Die temperatuur kan beheer word tussen 2 en 10 °C. Daar is geen rakke aan die binnekant nie. Kontantaanbiedinge word ingewag tot 31 Maart. Die beste aanbod sal aanvaar word. Die koper moet asseblief self reël dat die koelkamer afgehaal word. Kontak Sieg Schwarzer (skriba) by 012 335 4181, 083 288 2779 of siegfrieds@telkomsa.net.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Ventersdorp: Sondag 17 Maart 09:00 vir 09:30**
100-jaar-herdenking van inwyding van die kerkgebou
Lidmate, oudlidmate, kinders en belangstellendes welkom
Skakel ds Marius van Vuren by 018 264 2236
of gemeentelike kerkkantoor by 018 264 2245
- **Gemeente Bergsig: Sondag 17 Maart om 19:00**
Paassangdiens
Verrigtinge in die kerkgebou, versnaperings in die kerksaal
Sangpaar Nantes en Adel lei die sangdiens
Navrae aan Elmarie by 082 377 0747
- **Gemeente Goede Hoop (Piet Plessis): 100 jaar**
Feesnaweek 29 November tot 1 Desember 2013
Basaar met sanger Pieter Smit, Nagmaal
en hoeksteenoprigting op fondasie van eerste sinksaaltjie
Gedenkalbum deur prof Hennie van der Westhuizen (prys later bekend)
Navrae en bestellings aan ds Arno Nieuwhof by 073 240 6030
of arnonieuwhof@gmail.com of op sy Facebook-blad

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 15 Maart, en word hartlik geluk gewens.**
 - Donderdag 7 Maart: Ds Deon du Toit (Verwoerdburg)
 - Saterdag 9 Maart: Di Koos Engelbrecht (emeritus), Carl Potterill (Erasmia) en Louw van der Linde (Trichardtsfontein)
 - Sondag 10 Maart: Ds Thomas Dreyer (Wapadrant)
 - Dinsdag 12 Maart: Ds Jaco Dreyer (Empangeni)
 - Woensdag 13 Maart: Ds Rudi Rust (beroepafwagting)

Beplande vergaderings

- Donderdag 7 Maart: Kommissie van die AKV
- Vrydag 8 Maart: Kommissie van die AKV
- Maandag 11 Maart: Kuratorium
Nagraadse Beurskomitee
Redaksie van *Die Hervormer*
- Donderdag 14 Maart: Direksie van die Monumenttehuise
ADV-kommunikasie
ADV-dagbestuur (Telefoonkonferensie)
- Vrydag 15 Maart: Finkom van die OSR

Kursusse en toerusting

- **HTK: Openbare lesing**
Dr Piet van Staden (Stellenbosch/Worcester)
Woensdag 13 Maart om 19:00
Teologiegebou UP
Tema: *Hervormde Teologie*
Almal hartlik welkom
- **RDV Wes-Kaapland: MIV-werkwinkel**
Saterdag 16 Maart 08:30 vir 09:00
By Gemeente Kaapstad, preekpunt Tygerberg
ME Rothmanstraat 29, Parow-Noord
Navrae aan Tarbi Prinsloo (RDV-voorsitter) by 083 228 5590
of ds Kathleen Smith by 021 551 5264

Mediators @ Vaal

Geakkrediteerde Gesins- en Egskeidingmediasie

WANNEER IS MEDIASIE NODIG?

- Mediasie ingevolge die Kinderwet artikel 21.
- Egskeiding en dispute na egskeiding.
- Voogdyskap / reg van toegang en besoeke.
- Opstel van 'n ouerskapplan. • Onderhoud. • Gesinsgeweld.

Kontakbesonderhede: ☎ Rudi Rust 084 060 6458
✉ mediators@mweb.co.za 🌐 www.mediators-vaal.co.za

Mediators by **Mediators @ Vaal** is by SAAM en NABFAM geakkrediteer



Beskikbare behuising

- **Kamerfasiliteit in Huis Riekie Boshoff, Brooklyn**
Lieflike ruim kamer met gedeelde geriewe vir enkelopende dame
Hierdie boomryke, rustige omgewing is naby winkelsentrum geleë
Gereelde sosiale programme
24-uur-sekuriteit
Moet bo 55 jaar en nog selfversorgend wees om trappe te klim
Koste vir kamer R1 800 per maand (sluit krag in)
Kontak mev Jo-Mari Haarhoff by 012 346 2418

Konserte en feeste

- **Woensdag 13 Maart om 20:00: Gemeente Montana-Oos**
Optrede van Jannie Moolman in die Atterbury-teater



Daventrystraat 4, Lynnwood Bridge-sentrum, Lynnwood Manor, Pretoria
Toegang R120

Om kaartjies te bespreek, kontak Hannelie van Rooyen by 072 124 6698
of vanrooyenhannelie@gmail.com

- **Vrydag 19 April om 19:00: Gemeente Ventersdorp Griekse aand met Yoti die Griekse Boertjie**
Aansitete tydens die optrede
Volwassenes R100 per persoon
Laerskoolkinders en jonger R50 per persoon
Kontak Ina van Vuren by 084 602 7300
of die gemeentelike kerkkantoor by 018 264 2245

Kampe en toere

- **Vrouekamp 2013: 19 tot 21 April**
Mopani Lodge, net buite Pretoria
Sprekers ds Janine Bevol-Manders en ds Marna Naudé
R550 per persoon (akkommodasie en etes ingesluit)
Kontak Jana Peenze by 083 7345 426 of janapeenze@vodamail.co.za
of Stefanie Theron by 082 825 7944 of stef1@absamail.co.za
- **Konteks-leserstoer na Turkye: 2 tot 18 Oktober 2013**
15 dae op die voetspore van Paulus, Johannes en die eerste Christene
Toerleier: Prof Ernest van Eck
Plek vir slegs 30 – bespreek betyds!
Kontak prof Van Eck by 012 420 3804 / 082 413 2332 /
ernest.vaneck@up.ac.za
of Louise Geyser (reisagent) by 012 361 0579 / 082 560 4279 /
louise.geyser@absamail.co.za
- **Toer saam na Israel en Egipte: 28 November tot 7 Desember 2013**
Beleef God in die voetspore van Jesus
Toerleiers: Ds Fanie Beukes en dr Francois Carr
Vir meer inligting, kontak ds Beukes by 073 167 1183
of per e-pos by faniebeukes@yahoo.com

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Brits: Boufondsversoek**
Dra by tot die gemeente se boufonds
SMS **KERK** na **48716** en dra R10 by
Fondse word gebruik om die geboue te herstel
Meer as een SMS is baie welkom
Navrae aan ds Kobus Celliers by 012 252 0158
- **Gemeente Leudoringstad: Vrydag 8 Maart: Boemelaarsdans**
In die boersaal
Kontak Carlien Lourens by 078 614 5525
- **Klap-'n-tekkie vir Van Rensburg Monumenttehuis: Saterdag 9 Maart**
Fonteine, Pretoria
Vanaf 07:00
Kontak Elma by 082 954 7955 of ruelma@vodamail.co.za
- **Gemeentes Hartbeesfontein en Gerdau: Fondsinsameling 1000 Wen-'n-boerdery en Noag-se-ark-skildery**
Geleentheid om R50 000 in te samel
Pakket van 50 kompetisieboekies met 11 kaartjies in elke boekie
Betaal R5 000 vir pakket van R55 000



50 pryse te wen, in totaal meer as R100 000 werd
Wen plaasdiere, bokke, varke, duiwe en vele meer!

Trekking in Oktober 2013

Kontak Barry of Marthie Pretorius van Hartbeesfontein
by 018 431 0331, faks 086 550 1874 of barrypret@lantic.net
Verdere navrae aan ds Petrus Harmzen by 082 777 4253

Basaars en markte

- **Saterdag 16 Maart 08:00 tot 13:00**
Gemeente Bergsig: Diakens se straatverkope
Vingerlek lekker gebak – groot koeke, terte, kolwyntjies, piesangbroodjies, pannekoek, nagereg, koeksisters en soutigheid
hv Mignon- & Karel Trichardt-straat in Mountain View
(skuins oorkant Mountain View Spar)
Navrae aan Elmarie by 082 377 0747
of Neeltjie by 076 428 8142

ANDER NUUS

- **Die OSR** (die OSR is nou amptelik die Ondersteuningsraad se verkorte naam) het **poste** vir gekwalifiseerde, Afrikaanssprekende **maatskaplike werkers** by die volgende kantore beskikbaar: Pretoria; Vanderbijlpark; Kempton Park; Lydenburg; Nylstroom (halfdagpos); Elsburg; Rustenburg. CV's kan gerig word aan oraad@nhk.co.za, of skakel 012 322 8885 x290 om 'n aansoekvorm te bekom. **Sluitingsdatum: 15 Maart 2013.**
- Dit is vir die **OSR** 'n groot voorreg om die professie **Maatskaplike Werk** onder die Kerk en die wyer publiek se aandag te bring. **Dinsdag 19 Maart is Internasionale Maatskaplikewerkdag.** Die OSR het besluit om hierdie dag met al haar kantore landwyd te vier. Die Raad se maatskaplike werkers beskou hulself as bevoorreg om na die leed van ander om te sien, en om na mense uit te reik en hulle aan te raak. In die proses word hulle ook aangeraak deur die mense wat hulle dien en kan hulle nie blind wees vir ander se nood nie. Dit is die OSR se opregte hoop dat mense op hierdie dag net vir een kort oomblik sal dink aan en ook op hul beurt sal uitreik na hierdie maatskaplike werkers wat onder baie moeilike omstandighede en dikwels in gevaarlike situasies die enigste buffer is tussen 'n woedende en aggressiewe ouer en hul weerlose kind(ers). Hulle sê ook dankie vir die voorreg om op hierdie wyse deel van die Kerk te wees.
- Die **OSR Pretoria** bied hul **jaarlikse vakansieprojek** gedurende die Maart-skoolvakansie aan. Die projek vind plaas van **25 tot 28 Maart** en fokus op die **laerskoolkinders** wat deel uitmaak van die maatskaplike werkers se gevallelading (pleegkinders, kinders in plek van veiligheid, ensovoorts). Die doel is om hierdie kinders konstruktief tydens die vakansie besig te hou, wat andersins nie die geleentheid sou gehad het nie weens hul ouers se finansiële onvermoë. Die OSR is tans in die proses om fondse vir hierdie projek in te samel aangesien daar nie enige bydraes van die ouers verkry kan word nie. Die koste beloop ongeveer R180 per kind vir die vier dae, en sluit uitstappies, vervoer en middagetes in. Indien u enige verdere inligting benodig of 'n skenking wil maak, kan Natasha van Tonder by 012 325 2320 / oraadpretoria@nhk.co.za gekontak word.
- **Linmar Werkskepping** is 'n projek van die **OSR Krugersdorp**, waar werklose vroue opgelei is om naaldwerk te doen. Produkte wat gemaak word, word verkoop vir inkomste en ook om die projek in stand te hou. Die projek kry skenkings van voedsel, en benodig nou 'n vrieskas om die bederfbare produkte gevries te hou. Hiermee dus 'n vriendelike **versoek** vir die skenking van 'n **tweedehandse vrieskas**. Enige navrae kan aan Magda Erasmus by 011 952 1197 gerig word.



- **VERSORGERS EN HUISMOEDERS BENODIG**
Cluny Farm, sentrum vir volwassenes met intellektuele gestremdhede
Niewinsgewende organisasie in Kyalami
Mans en dames tussen 18 en 35 kan aansoek doen
Geldige rybewys noodsaaklik
Stuur CV na elise@emburst.co.za of faks na 086 661 5467
Navrae aan Khumo of Ria by 011 702 1690
Besoek www.clunymfarm.co.za
- **GEREFORMEERDE KERK OOS-MOOT**
450 jaar Heidelbergse Kategismus
Donderdag 14 Maart 16:00 tot 22:00 (aandete en verversings)
GK Oos-Moot, 31ste Laan 716, Villieria
Toegang: Deurkollekte; ete moet vooraf bespreek word
Sprekers: dr Attie Bogaards; dr Victor E d'Assonville;
prof Jorrie Jordaan; dr Gerard Meijer; ds Erik van Alten
Gespreksleier: Prof Dolf Britz
Kontak gkomkantoor@gmail.com

Advertensies in die *e-Hervormer*

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Dit bestaan hoofsaaklik uit teks van ongeveer 110 woorde (u kan eenvoudige grafika of 'n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskartjie wees nie.

Die advertensie moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na produksie@nhk.co.za. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasinge. Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit).

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + *e-Hervormer* Ads.

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar (uiters 100 woorde) stuur aan produksie@nhk.co.za. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad gestuur word; gaan dan na www.nhka.org → Praat saam en kies die opsie wat u pas. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

“Ek vereenselwig my met wat Nic Combrink sê. Lidmate beskik vandag wel oor 'n Bybel maar ken dit nie, en tree veral nie op soos in 1 Petrus 2 beveel word nie. Ek glo God is vandag net so ongeduldig met ons leraars soos Jesus met die Skrifgeleerdes was, aangesien slegs 'n gedeelte van sy Woord verkondig word, naamlik sy Liefde. Oor sy regverdige oordeel word nooit gepreek nie. 'n Ander opdrag van God word ook nie nagekom nie – om dit wat deur afvalliges verkondig word, te weerlê. Lidmate moet wakker word en toetree tot die geveg teen die bose.”

Johannes Nel

Bybelstudiegidse

Gemeentes kan gerus oorweeg om die Kerk se reeks Bybelstudiegidse vir hul Bybelstudiebyeenkomste van 2013 te bestel.

Die Ons Vader-gebed. Hierdie Bybelstudie vergelyk die twee weergawes van die Ons Vader-gebed in die Matteus- en Lukas-evangelie met mekaar. Leer so wat Jesus oor gebed onderrig het.

Bewaar wat aan jou toevertrou is. Leer meer oor die pastorale briewe 1 en 2 Timoteus en Titus. Maak die raad van 'n ervare Christenleier aan leiersfigure van sy tyd ook op jouself van toepassing.

Briewe van Johannes. Ken jy en leef jy die liefde wat alles gee en tegelykertyd alles vra? Lees wat die Johannes-briewe ons leer oor die liefde wat aan die lewe die regte betekenis gee.

2 Petrus. Een van die minder bekende en daarom minder geliefde geskrifte van die Nuwe Testament – en tog bevat 2 Petrus 'n boodskap wat vir Christene vandag steeds van groot betekenis kan wees in hul persoonlike lewe en gemeentelike betrokkenheid.

Die brief aan die Filippense. Daar was 'n hartlike verhouding tussen Paulus en die gemeente in Filippi, en die brief aan die Filippense is daarom een van die mees persoonlike van al sy briewe. Hy versterk hul geloof en moedig hulle aan tot nederigheid, standvastigheid en eensgesindheid. Sy tema van *Wees altyd bly in die Here* spreek ook tot ons vandag.

Om die Bybel (beter) te verstaan. Hierdie handleiding wat in 2008 verskyn het, is steeds beskikbaar. Dit is bedoel om lidmate te help om die Bybel reg te lees en beter te verstaan.

*** Hierdie Bybelstudies is teen **R30 per eksemplaar** (posgeld uitgesluit) van mev Susann van Zyl van SENTIK se boekwinkel beskikbaar. (*Om die Bybel (beter) te verstaan* kos R35.) Kontak mev Van Zyl by 012 322 8885 x291, faks 086 633 4054 of e-pos sentik@nhk.co.za. Ons wil tog maar voorstel dat lidmate probeer om met die boekie self te werk en nie met afdrucke daarvan nie – so 'n werkboekie kan lank na die Bybelstudiegeleentheid steeds 'n inspirerende bron wees om weer en weer te oordink.

